Ekspo

**Reëlings vir nuwe skou vorder fluks**

Die tref van reëlings vir Suid-Afrika se nuutste skou, die BKB Afrika Lewendehawe Expo (ALE) wat van 3 tot 7 September by die Afridome op Parys gehou word, vorder fluks.

Die gedagte is dat die skou ‘n gróte vir veeboere moet word soos in die dae van die Pretoriaskou en Randse Paasskou. Die Pretoriaskou het opgehou bestaan en die Randse Paasskou het nie meer ‘n vee-afdeling nie. Tans is daar nie ‘n groot skou in die noorde van Suid-Afrika waaraan groot getalle veerasse deelneem nie. Die Bloemskou in die sentrale deel van die land (in Bloemfontein), Royalskou in Pietermaritzburg en die Swartlandskou op Morreesburg en ander skoue in die Wes-Kaap speel ‘n belangrike rol. Nou moet die ALE-skou dié gaping in die noorde vul.

Twintig vleis- en dubbeldoelrasse het reeds hul deelname bevestig om te skou of diere uit te stal. Hulle is Afrikaner, Angus SA, Beefmaster, Brahman, Bovelder, Bonsmara, Brangus, Chianina, Dexter, Drakensberger, Hereford, Limousin, Rooi Poenskop, Santa Gertrudis, Senepol, Simbra, Shorthorn, Simmentaler, Sussex en Wagyu.

Die onderskeie rasse beoordeel hul vee op 3, 4 en 5 September terwyl die interrasbeoordeling op 6 September plaasvind. ‘n Nasionale veiling word vir Simbras (6 September) en Brahmane (7 September) beplan.

Inskrywings sluit op 31 Julie. Elke rasgenootskap moet sy eie reëlings vir inskrywings en beoordeling tref en die ALE van die getalle verwittig. Die aankoms van vee is vanaf 28 Augustus en die boordeling vind van 3-5 September plaas en die 6de word ‘n groot interraskompetisie gehou om die opperste kampioenbul en –koei uit die kampioene van die deelnemende rasse aan te wys.

Bykomende stalle word gebou om minstens 1 200 beeste te kan huisves. Geen toegangsgeld gaan gevra word nie om deelname vir die telers se goedkoop moontlik te hou.
Die skou gaan vorentoe verder uitgebrei word om ook suiwelbeeste, kleinvee en ander diere in te sluit.

Adv. De Waal  Nigrini is as voorsitter van die oorkoepelende expokomitee aangewys, terwyl me. Daleen van Zyl as ondervoorsitter, me. Carla de Kock as sekretaris en mnr. Kobus Delport as penningmeester gekies is.

Algemene navrae kan gerig word aan die voorsitter van die skoureëlingskomitee, mnr. Stephan Coetzee, by sel 083 384 3675 of e-pos: coetzrand@gmail.com)